# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Gekies om 'n DRAER van GOD se PLAN te wees.
Lukas 1:26-38

# Votum

Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak het,
wat die geringes raaksien
en sy plan deur hulle laat leef.

# Seëngroet

Genade en vrede vir julle
van God ons Vader
en die Here Jesus Christus,
deur die krag van die Heilige Gees
wat in ons woon en deur ons werk.



# Lied 332: 1

God se liefde, so oneindig,

sien die nood van sondaars raak,

en God stuur vir hul die Christus

wat van sondaars kinders maak.

# L 332:2

Jesus wys ons hoe sy liefde

liefdeloosheid kan oordek

en in harde menseharte

deernis en geloof kan wek.


# L 332:3

**Heer, ons leef steeds soveel kere**
**of u liefde ons nie raak**
**en vergeet van al u goedheid**
**wat van ons u kinders maak.**

# L 332:4

Tot U, Here, klink ons lofsang -
oor u liefde wil ons sing
en ons wil u liefdesboodskap
oor die aarde uit laat kring.




Lukas 1:36-38

# Lied 254: 1

(Dames)

Spreek Heer,

spreek Heer,

want u diensmaagd luister.

Net u Woord, Heer,

bring weer lig in duister.

# Lied 254: 1

(Manne)


Spreek Heer,

spreek Heer,

want u dienaar luister.

Net u Woord, Heer,

bring weer lig in duister.



# Lied 254: 1

**(Almal)**

Spreek Heer,

spreek Heer,


want u kinders luister.

Net u Woord, Heer,

bring weer lig in duister.

THE NATIVITY STORY

# Lukas 1:36-38



# Lukas 1 : 26 - 38

26. In die sesde maand van Elisabet se swanger-
skap het God die engel Gabriël gestuur na 'n
maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. 27. Sy was
verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van
Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28.
Toe die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou,
begenadigde! Die Here is by jou.”

29. Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. 30. Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31. Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33. en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.”

34. Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?” 35. Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. 36. Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand.

37. Niks is vir God onmoontlik nie." 38. Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan.



Gekies om ‘n draer van God se plan te wees
Luk. 1:26-38



Die wêreld meet die uiterlike


God
meet en
werk
anders


In ons teks…


Engel se boodskap
28
30-33
35-37
Engel kom (26)
Maria
Engel Gaan (38)
29
34
38
Maria se reaksie



# God kies *Maria* as sy plandraer

(26-30)



# Maria se geringheid staan uit



# Tog word sy gegroet as…

- begenadigde
- op haar naam



# Wat hierdie keuse regtig sê

# Prakties vandag



# Prakties vandag



## Ek is ook gekies

# Prakties vandag





Groter as ons vermoë,
maar nooit groter as
God se krag nie
Die engel se boodskap:
God se uitnodiging (31-37)

# ‘n Bybelse patroon




Roeping bring ons altyd by
ons onvermoë, maar ook by
God se instaatstelling



# Wat was die boodskap of dan die uitnodiging?

Swangerskap

Naamgewing: Jesus (verlosser)

Vorming deur HG

# Prakties vandag:

Die HG wil Jesus ook in my vorm



# Prakties vandag:



# Prakties vandag:





# Om tot beskikking van God te wees (38)

Nie passief

Ten spyte van risiko's

# Twee dimensies


Toelaat dat die Gees Jesus in haar vorm

Om in te stem om Jesus in die wêreld te bring

# Wat beteken dit?

Nie net: “Here, gebruik my” nie

Maar: “Here, doen in my wat nodig is en deur my wat U wil.”



# Prakties vandag

Om geboorte aan God se plan te gee waar ek is – huis, werk, gemeenskap & kerk



# Prakties vandag

Om geboort aan God se plan te gee waar ek is – huis, werk, gemeenskap & kerk



# Prakties vandag

Om geboort aan God se plan te gee waar ek is – huis, werk, gemeenskap & kerk





Gekies om ‘n draer van God se plan te wees
Luk. 1:26-38

Here, soos Maria staan ons vandag voor U –
nie met groot sekerhede nie,
maar met oop harte.
Vorm in ons dit wat U wil hê.
Wil U deur U Gees Jesus in ons laat gestalte kry.
Ons gee onsself aan U en verklaar onsself beskikbaar:
ons tyd, ons gawes, ons plek in die wêreld.
Laat dit wat U in ons begin het,
deur ons gebore word
tot seën vir ander.
Daarom sê ons ook vanoggend:
“Here, ons is tot U beskikking.”
Amen

# Flam 10


Jesus, alles gee ek U,
wat ek is en het
en wat ek ooit sal wees.
Jesus, alles gee ek U,
wat ek is en het
en wat ek ooit sal wees.

Al my hoop, my planne en my tyd
lê ek in u hand,
vertrou ek aan U toe.
Al my hoop en planne en my tyd
lê ek in u hand,
vertrou ek aan U toe.



Deur u wil te doen,
leer ek om vry te wees.
Deur u wil te doen,
leer ek om vry te wees.
Jesus, alles gee ek U
wat ek is en het
en wat ek ooit sal wees.

# Flam 41

1. Jou lewe is ’n lofgedig,
geskryf tot Sy eer.
Sorgvuldig elke woord gekies,
soos die reënboog se kleur.
Jy’s beplan in die hemel,
verteenwoordiger van God.
Sorgvuldig aan mekaar geweef
om te leef met een gebod.


Mag jy omgee en liefhê
en so sy beeld uitdra
in ’n wêreld wat verward is
en na ware liefde vra.
Mag jy omgee en liefhê
en so sy Naam vereer
by almal wat op soek is
na die antwoord op hul seer.

2. Jy’s gebore in die wêreld,
maar gemaak vir ’n paradys,
om te lag en te lewe,
soos ’n prins in ’n paleis.
So waarom dan die sonde
waaraan jy so bly klou,
wat steeds Sy beeld vernietig
en jou vreugde stukkend kou?


Mag jy omgee en liefhê
en so sy beeld uitdra
in ’n wêreld wat verward is
en na ware liefde vra.
Mag jy omgee en liefhê
en so sy Naam vereer
by almal wat op soek is
na die antwoord op hul seer.

# Seën

Die Here sal jou seën en jou beskerm.
Die Here sal jou vul met sy Gees.
Hy sal Christus in jou vorm
en deur jou laat leef –
sodat jy ’n draer van sy plan sal wees
waar jy ook al gaan.
Amen.

